**WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO**
**Reeks H: Inougurele Redes Nr. 17**

# DIE SOSIALE BETROKKENHEID VAN DIE HEDENDAAGSE BEDRYFSONDERNEMING IN 'N PLURALISTIESE INDUSTRIËLE GEMEENSKAP

**A.S. van Zijl**

**Potchefstroomse Universiteit vir CHO**
**1976**

# DIE SOSIALE BETROKKENHEID VAN DIE HEDENDAAGSE BEDRYFSONDERNEMING IN 'N PLURALISTIESE INDUSTRIËLE GEMEENSKAP

## PROBLEEMSTELLING: DIE VERRUIMDE ROL EN MAG VAN DIE BEDRYFSONDERNEMING

Die groot bedryfsonderneming het die medium geword waardeur die oorgrote meerderheid van ons ekonomiese aktiwiteite gestalte vind. Reeds in 1961 was 34,5% van alle werknemers in die vervaardigingsindustrie in die Verenigde Koninkryk werksaam in ondernemings wat 1 000 of meer werknemers in diens gehad het. Aan die einde van 1963 is tydens 'n ondersoek gevind dat 57% van die totale netto bates uit 'n totaal van 2 027 bedryfsondernemings in die Verenigde Koninkryk in die hande van slegs 100 van hierdie ondernemings gesentreer was. 'n Firma soos die British Petroleum Co. beheer ongeveer 450 filiaalmaatskappye in verskillende lande en General Motors Corporation het in 1967 tot 1968, uitgesonderd enige oorsese belange, oor 'n kapitaal van R8 678 miljoen beskik.

Die groot bedryfsonderneming van ons dag funksioneer nie binne 'n geslote mark nie, die konsekwensies van sy interne besluite kring veel wyer uit as die plaaslike gemeenskap – dit toon sy invloed op handelspatrone, op internasionale betrekkinge. Die inkomste van sommige van hierdie nywerheidsreuse is groter as die volksinkome van 'n veeltal kleiner lande en hul besluite en beslissings kan ewe verreikend wees as dié van die sentrale regering. Dit kan dan ook enigsins begryp word dat die skakelhoof van General Motors by geleentheid sou gesê het: „What is good for General Motors is good for the United States".

In die lig van die hoë premie wat daar geplaas word op ekonomiese handelinge soos dit gestalte vind via die aktiwiteite van die bedryfsonderneming en in die lig van die feit dat die bedryfsonderneming só 'n magselement geword het waarvan die interne besluite so 'n wye trefkrag het ver buite die grense van sy eie bestaan, kan dit nie anders as dat binne die Sosiologie in die algemeen en in die Bedryfsosiologie in die besonder, besin behoort te word oor die vraag in hoeverre die bedryfsonderneming van ons dag nie slegs ekonomies nie maar ook sosiaal betrokke geraak het binne die kader van die breër sosiale sisteem.

Dit is dan hierdie tema wat behandel word teen die agtergrond van gebeurtenisse en denkklimaat wat geleidelik 'n ándersoortige basis daargestel het as die

van winsmaksimalisasie wat via 'n beleid van laissez faire as die hoogste doel vir ekonomiese aktiwiteite aanvaar is – en mag bygevoeg word, dikwels nog aanvaar word.

## KORT HISTORIESE OORSIG

### Middeleeue

Gedurende die middeleeue oorheers die kerk die ekonomiese terrein en skep geen klimaat wat gunstig was vir die ontwikkeling van handel en handelsondernemings as deel van die sosiale sisteem nie. Die kerk self was diep verweef in ekonomiese aktiwiteite en het grond besit, huur ingevorder, belastings gehef, maar dit ontmoedig individuele toetrede tot die handelswêreld, want die strewe by die mens na eie belange via sodanige aktiwiteite sou sy strewe na God benadeel. „To eliminate trade was to eliminate sin" was die algemeen aanvaarde beskouing van die kerk.

### Protestantisme

Die Protestantisme bring teen die 16de eeu 'n radikale verandering in hierdie weerstand teen die sake-aktiwiteite van die individu. Waar die Rooms-Katolisisme die weg tot saligheid soek in die mens se aardse handelinge, verkondig die Protestantisme dit via die soendood van Jesus Christus. Dit verkondig bekering en bekering lei tot verpligtinge, onder andere dat die mens sy talente produktief op aarde sal aanwend. Die opkoms van die kapitalisme word dan ook deur menige skrywer, en veral deur Max Weber, direk aan die Protestantisme gekoppel. Robert Heilbroner wys daarop hoe sosiale en ekonomiese stabiliteit plek moes maak vir 'n beklemtoning van verandering, van strewe, ekonomiese vooruitgang, van groei en van stryd.

### Die industriële omwenteling

Die industriële omwenteling berei in die laat 18de en 19de eeu die weg voor vir die aftakeling van die merkantilisme. Benewens veranderinge in produksie en vervoer, asmede 'n oorskakeling van kleinskaalse tuisproduksie na grootskaalse fabrieksproduksie, tree daar nou ook geleidelik veranderinge na vore in die sosiale struktuur van die bedryfsonderneming sowel as in die sosiale omgewing waarbinne dit funksioneer.

Die ekonomiese geskiedenis leer ons hoe haglik die toestand in die destydse fabrieke was. Daar was geen wetlike beplings of selfs tradisies betreffende minimum loonskale, bevredigende werksomstandighede en doeltreffende werkgewer-werknemerverhoudinge nie, kinder- en vrouearbeid is uitgebuit

en die doelstrewe was die hoogste produksie teen die laagste koste. Die maatskaplike lewe van die werker buite die fabriek het die destydse ondernemer eweneens koudgelaat. Oorbewoning, gebrek aan die mees elementêre geriewe en openbare dienste het sy merk op die gemeenskapslewe gelaat en noop T.N. Whitehead tot 'n enigsins aggressiewe sienswyse wanneer hy skryf: „Every advance of industry has so far been accompanied by a correspondingly impoverishment in social living".

## FILOSOFIEË EN BENADERINGSWYSES

Hierdie haglike werk- en woontoestande – mag ons sê hierdie negatiewe sosiale betrokkenheid van die destydse bedryfsondernemer – was gegrondves op 'n stel gelowe en filosofieë wat enersyds dryfveer en oorsaak was van hierdie onverskilligheid jeens die werker en andersyds ook regverdiging vir 'n sodanige onverskilligheid gebied het.

*Charles Darwin* se „Origin of Species" met sy gedagte van „struggle for existence, survival of the fittest" is deur *Herbert Spencer* in 'n sosiale Darwinisme omskep en die groot ondernemer van daardie tyd het aanvaar dat sy leierskap die resultaat is van 'n natuurlike seleksieproses en dat dit weer natuurlikerwys resulteer in „the greatest good for the greatest number", want aldus Spencer: „... each individual has the right to attempt to preserve himself, but since the fittest only survived and the less fit were doomed to perish, men must be free to compete and so prove their fitness for survival". Kompetisie, konflik en nimmereindigende stryd is as die fundamentele wette van hierdie tyd aanvaar.

Hierdie biologiese analogie van Spencer het weerklank gevind in die ekonomiese wêreld in die vorm van die laissez faire-ideologie van die Fisiokrate en is gerugsteun deur die klassieke ekonome. *Adam Smith* verkondig dan ook in sy „Wealth of Nations" die gedagte van nie-inmenging en glo dat vryheid van mededinging uitloop op volle indiensname, laagste koste, laagste pryse en ekonomiese groei. Ook *David Ricardo* sien die samelewing as 'n ongeorganiseerde konglomeraat van individue wat in voortdurende stryd met mekaar verkeer. *Jeremy Bentham* glo dat alle menslike handeling basies gemotiveer word deur die behoefte om plesier te geniet en pyn te vermy. Volgens Bentham lei dit op die duur tot die voordeel van die samelewing, want 'n werker sal byvoorbeeld meer arbeid (wat vir hom sinoniem is met pyn en lyding) verrig, indien die beloning groot genoeg of die straf in terme van armoede onaangenaam genoeg is. Hierdie hedonistiese leerstelling van Bentham strook met die gedagtegang van die 19de-eeuse kapitalis en was in lyn met sy opvatting van die sogenaamde „ekonomiese mens" wat alleen gemotiveer word deur sy strewe na genot en die ontwyking van alle vorme van onaangenaamheid.

'n Veeltal van hierdie benaderingswyses word deur sommige teoretici as eties herleibaar tot die Protestantisme beskou. Die 19de-eeuse kapitalis sien in die Protestantisme regverdiging vir sy individuele vryheid, hy glo aan die hoë premie wat op arbeid en op die ontwikkeling van eie talente geplaas word en waar die armes gedurende die middeleeue beskou is as diegene wat op heel besondere wyse deur Christus verteenwoordig is, word daar nou op die armes (die werkers) neergesien. Sombart skryf dan ook: „there can be no doubt at all that, as it later developed, the Protestant faith came to be associated with the rising commercial class and was found readily adaptable to the new outlook based on the principle that 'God helps those who help themselves'. From this point of view, it soon came to appear that wealth was a sign of Divine approval, poverty a sin".

Die industriële omwenteling wat die direkte impetus was vir die ontwikkeling van die fabriekswese was dié enkele gebeurtenis in die geskiedenis wat die feudale, immobiele agrariese samelewing tot in sy fondamente geskud het. Aan die wortel van hierdie verreikende sosiale veranderinge was die destydse kapitalistiese ideologie en meer in die besonder die klassieke liberalisme wat ekonomiese vooruitgang hoër geag het as tradisie en kompetisie hoër as harmonie; wat die kapitalisties-ekonomiese funksies gefundeer het op die basis van natuurlike wette, universele mededinging en die ekonomiese mens; en wat in hul ontleding gefokus het op privaatbesit, die marksisteem, laissez faire en die winsmotief.

Laissez faire en suiwer winsgesentreerde ekonomiese aktiwiteite is gedra deur hierdie denkklimaat en die geskiedenis leer ons hoeveel stryd dit gekos het om via staatsinmenging die negatiewe gevolge van die praktiese toepassing van hierdie beskouinge enigsins teen te gaan.

## WETENSKAPLIKE BESTUUR

Teen die einde van die 19de en die begin van die 20ste eeu sou hierdie strewe tot optimum produksie en minimum koste, met negering van die menslike aspekte hierin vervat, verdere onderskraging ontvang via die toepassing van die beginsels van wetenskaplike bestuur. Die behoefte aan nuwe bestuursmetodes om in te pas by die gewysigde aard van die gewysigde masjinale produksieproses het tot 'n teoretiese besinning op hierdie vlak gelei en Frederick Taylor en Henri Fayol wat onafhanklik van mekaar werk en skryf, word die grondleggers van die „Scientific Management Movement" – Taylor op operasionele vlak en Fayol grootliks op die vlak van die topleiding. In latere jare sou Henry Gant, Harrington Emerson en veral Frank en Lillian Gilbreth deels selfstandig en deels in navolging van Taylor en Fayol op die beginsels van wetenskaplike bestuur voortbou.

Sonder om op die inhoud van hierdie teorie in te gaan, kan ons dit stel dat, gemeet in terme van die tydvak en omstandighede waartydens hierdie benadering gestalte gevind het, dit 'n groot bydrae tot die bestuurswetenskap gelewer het. Die toepassing van die teorie het egter daarvan 'n meganistiese benadering gemaak en van die werker 'n blote instrument, ontmens tot 'n blote rat wat soos 'n robot moes handel, gereguleer deur die resultaat van tyd- en bewegingstudies.

## INDUSTRIËLE BUROKRASIE

'n Verdere ontwikkeling wat bygedra het tot die strewe na optimum produksie en winsmaksimalisasie as hoogste doel vir die bedryfsonderneming, is die implementering van die burokratiese organisasievorm as administratiewe stelsel. Hierdie stelsel manifesteer sigself in 'n skerp funksionele spesialisasie, die rangskikking van ampte en kantore in 'n streng hiërargiese gesagstruktuur, formele reëls en regulasies, onpersoonlike optrede en 'n wegskram van alle vorme van effektiewe betrokkenheid. Soos toegepas binne die bedryfsonderneming is daar etlike leemtes in hierdie stelsel, byvoorbeeld die gebrek aan moontlikhede vir die personeel om volgens vermoë te groei en te ontwikkel, ingeboude konformiteit en groepsdenke, negering van die informele organisasiestruktuur, die verouderdheid van die stelsel van gesagstrukturering, swak moontlikhede vir doeltreffende kommunikasie, min elastisiteit ten opsigte van innovasie en 'n geringskatting van die sosiale aspekte soos vervat in die bestuur se taak.

Soos dit die geval was met die implementering van wetenskaplike bestuur, so is dit ook waar van die industriële burokrasie dat dit wel bydra tot doeltreffende organisasie. Die bydraes van hierdie ontwikkelings moet egter geëvalueer word ooreenkomstig ekonomiese sowel as menslike kriteria. Die bedryfsonderneming word gedra enersyds deur die mense wat die werk in sodanige onderneming verrig en andersyds deur die gemeenskap wat dit ondersteun. Dit vorm deel van die breëre sosiale struktuur en as sodanig is dit verweef met die wel en wee van 'n groot verskeidenheid deelhebbers en belanghebbendes binne en buite sy eie omlynde grense.

Daar het dan ook geleidelik veranderinge ingetree wat volgens eie mening as teenvoeter gekom het teen die invloed van die vroeëre kapitalistiese ideologie, wetenskaplike bestuur en die industriële burokrasie. Graag wil ek enkeles hiervan noem en kortliks bespreek:

### Verdere bestuursteorieë

Op die vlak van teoretiese besinning insake bestuursteorieë het daar reaksie gekom teen die eensydige postulaat van wetenskaplike bestuur. Hierdie reaksie kom in die eerste plek van Elton Mayo, Roethlisberger en Dickson – die grond-

leggers van die menseverhoudingsbenadering met betrekking tot bestuur – wat tydens hul uitgebreide Hawthorne-ondersoeke (1924 tot 1932) veral aandag skenk aan die sosiale organisasie van die bedryfsonderneming. In die jare wat kom tree 'n veeltal denkers en skrywers op hierdie vlak na vore en Chester Barnard (geïnspireer deur Sheldon, Mayo, Follet en andere) se werk word die vertrekpunt van die revisioniste wat weer vertak in twee strominge en beskouinge, naamlik die besluitskool waarvan H.A. Simon die belangrikste eksponent is en die sisteembenadering waarin Pareto se sosiologiese beskouinge soos geïnterpreteer deur Henderson, Talcot Parsons se algemene teoretiese raamwerk ten opsigte van sisteme sowel as die sibernetika as impetus dien. Die neo-klassieke skool, die nuutste toevoeging tot die bestuursteoretici, slaan weer basies terug na die tradisionele wetenskaplike bestuur, maar integreer hierby die bydraes van ander denkskole (vgl. die werke van Gardner en Moore, Keith Davis, Pfiffner, Allen en andere). Hulle poog om die leemtes in die oorspronklike gedagtegang van die wetenskaplike bestuurskool te vul. Laasgenoemde se beskouinge met betrekking tot die formele organisasie word aanvaar, maar die neo-klassieke teoretici hou hierby in gedagte dat die formele ampte deur *mense* beman word – mense wat via die informele organisasiestruktuur invloed op die formele struktuur uitoefen. Wetenskaplike bestuur se beklemtoning van bedrewenheid op die vlak van beplanning, organisasie, bevelvoering, koördinasie en beheer word deur die neo-klassieke teoretici onderstreep, maar hierby word gevoeg die invloed van die werker wat as mens na die onderneming kom met sy eie agtergrond, begeertes, voorkeure, wense, oordele en vooroordele.

**Die ekonomiese teorie**

Wysigings het egter nie slegs binne die raamwerk van die denke van bestuursteoretici ingetree nie. Ook op die wyer vlak van die ekonomiese teorie het verandering ingetree wat deurgewerk het tot binne die kader van die openbare beskouing ten opsigte van die laat-maar-loop-beleid en winsmaksimalisasie van die klassieke ekonome. Die ineenstorting van die ekonomiese stelsel in 1929 het gelei tot 'n reeks veranderinge wat suiwer winsmotief as etiek vir die bedryfsonderneming sterk ondermyn het. Dit het gou duidelik geword dat die klassieke ekonome se opvatting van 'n selfregulerende ekonomie verouderd is, dat aanbod nie altyd sy eie vraag skep nie, dat die mark nie 'n superkoördinerende liggaam is nie, dat besteding nie altyd voldoende is om volle indiensneming te waarborg nie, dat laissez faire en winsmaksimalisasie nie in belang van die gemeenskap is nie. Staatsinmenging in ekonomiese aktiwiteite wat teen hierdie tyd reeds geen vreemde verskynsel meer was nie, is deur die 1929-33-depressie verskerp en nywerheidswetgewing word deel van die struktuur waarbinne die onderneming in die bedryf sy funksies moet beoefen.

John Maynard Keynes ontwikkel sy teorie as reaksie teen die basiese gedagte-

gang van die klassieke ekonome. Hy verwerp die postulaat dat daar in die kapitalistiese ekonomie altyd volle indiensneming sal wees. Die voorwaarde van volle indiensneming lê vir Keynes op die vlak van voldoende inkomste en as konsumpsie en investering nie by magte is om die ekonomiese bronne ten volle te benut nie, moet die sentrale regering via besteding die verskil uitwis. Keynes glo in individuele vryheid, dog plaas nie al sy vertroue in die marksisteem nie en glo dat groot ondernemings sosiaal-verantwoordelike bestuurders benodig ten einde individuele vryheid binne die industriële onderneming te beskerm.

## DIE DEPRESSIE EN W.O. II

Die rasionalisering van laissez faire en winsmaksimalisasie, as sou dit in die uiteindelike belang van die gemeenskap wees, is 'n nekslag toegedien deur die ekonomiese en sosiale konsekwensies van die depressie van 1929-33, en hoewel die Westerse wêreld nie die voorbeeld van Rusland gevolg het om ontslae te raak van alle kapitalistiese instellings nie, het dit tog in die rigting van 'n gemengde sisteem beweeg waarin vir 'n laissez faire-beleid geen of weinig plek gelaat is. Die ekonomiese opbloei sedert Wêreldoorlog II het op sy beurt daartoe bygedra dat bedryfsondernemings sonder 'n noodwendige strewe na maksimum wins, tog 'n sodanige wins kan verdien dat die onderneming nie nodig het om in vrees te leef vir sy eie voortbestaan nie. Die geleentheid het dus gekom om ook aandag te skenk aan nie-ekonomiese funksies wat nodig geag is.

## DIE VAKBOND

'n Ander faktor wat onteenseglik 'n belangrike rol gespeel het in die veranderde funksie van die bedryfsonderneming, nie slegs ten opsigte van sy interne deelhebbers nie maar ook in sy breëre sosiale verband, is die opkoms van die vakbond. Die vakbond het op arbeidsvlak gestalte gevind as die formele uitdrukking van die sametrekking van werkers in 'n situasie waarin hulle as individue onbeskermd gelaat is en weinig seggenskap oorgehou het. Die vakbond het gegroei tot 'n magselement, dit het die onderlinge verhoudingspatroon tussen bestuur en werkers drasties gewysig en daartoe bygedra dat die hedendaagse bedryfsbestuur ten opsigte van 'n veeltal aspekte sy outonome seggenskap verloor het: loonskale, werkure, voorwaardes van indiensneming endiesmeer het die veld geword van kollektiewe bedinging.

Voorts is dit so dat blouboordjie-, witboordjie- en professionele werkers elk eiesoortige eise aan die bedryfsbestuur stel. Die toenemende mate waarin mense wat via hul opleiding aan die professionele krip staan — ingenieurs, prokureurs, medici, welsynswerkers, navorsers en andere — voltyds in diens van

die groot bedryfsonderneming tree en die feit dat die professionalis se lojaliteit dikwels verspreid lê tussen die etiese kodes van sy beroep en die verekonomiseerde rolverwagtings van sy werkgewer, stel geweldig hoë eise aan die hedendaagse bedryfsbestuur, nie net op die vlak van tegniese en konseptuele bedrewenhede nie maar veral ook ten opsigte van sosiale bedrewenhede.

## SKEIDING TUSSEN BESIT EN BESTUUR

'n Verdere ontwikkeling wat in geen geringe mate nie bygedra het tot 'n wysiging in die benadering tot die bestuur se taak, asmede die mate waarin die bestuur die sosiale vervlegdheid van sy taak behoort te aanvaar en te erken, is die skeiding wat daar gekom het nie slegs tussen kapitaal en arbeid nie maar tussen besit en bestuur – die verspreiding van besit onder 'n menigtal aandeelhouers en die opkoms van die professionele bestuurder. Daar bestaan groot verskil omtrent die juiste konsekwensies van hierdie aspekte. Sonder om hierdie verskillende beskouinge te ontleed, kan dit egter gestel word dat hierdie ontwikkeling bygedra het tot die afkraking van 'n oordrewe winsmotief en 'n groter besorgdheid deur die professionele bestuurder oor die taak en funksie van die bedryfsonderneming teenoor al die verskillende deelhebbers sowel as teenoor die gemeenskap.

## VERANDERINGE IN DIE GEMEENSKAPSTRUKTUUR

'n Verdere en laaste aspek wat in hierdie verband bygehaal moet word, is die wysigings wat daar in die breëre gemeenskapstruktuur ingetree het. Hierdie wysigings resulteer daarin dat die bedryfsonderneming in 'n toenemende mate vervleg en verweef geraak het met sy omgewing en die wyer sosiale struktuur. Daar het naamlik 'n verruiming gekom in die aantal sosiale instellings, elk met sy eie gespesialiseerde aktiwiteite wat weer met dié van andere geïntegreer moet word ten einde die somtotaal van die sosiale sisteem se aktiwiteite doeltreffend te laat funksioneer. Die hedendaagse bedryfsonderneming moet sy eie belange met dié van ander groepe, selfs buite die direkte ekonomiese sfeer, balanseer – opvoedkundige instellings, nie-winsgewende en welsynsorganisasies, openbare dienste, die pers, die kerk en andere.

Die sosiale sisteem van ons dag is in wese pluralisties van aard, met ander woorde waar die monisme 'n sosiale organisasie tipeer wat in die hande van slegs een instelling rus, en anargie heenwys na 'n ongeorganiseerde samelewing waar elke individu slegs sy eie belange nastreef, beleef ons 'n fase waar sosiale mag gedesentraliseerd is en versprei lê tussen 'n verskeidenheid sosiale instellings. Hierdie instellings funksioneer binne 'n ope sisteem waarbinne daar

voortdurende wisselwerking, koöperasie, bedinging en mededinging is, waar vooruitgang veronderstel word via kommunikasie, innovasie, onderhandeling, kompromie en konsensus eerder as deur 'n stelsel van monolitiese besluitvorming. Binne hierdie sisteem vervul die bedryfsonderneming primêr 'n ekonomiese funksie, maar deur sy verweefdheid met die res van die sisteem is andersoortige funksies met die ekonomiese geïntegreer.

## SOSIOLOGIESE RAAMWERK

Geplaas binne 'n sosiologiese raamwerk kan dit gestel word dat enige sisteem uit verskillende strukturele elemente bestaan. Hierdie elemente is nie staties nie maar staan in 'n bewegende verhouding tot mekaar. Handhawing teenoor en aanpassing by sy omgewing en ander sisteme is noodsaaklik en indien die sisteem wil voortbestaan, is daar bepaalde funksies wat vervul móét word. Talcot Parsons se handelingsteorie wys op vier basiese funksionele probleme ten opsigte waarvan 'n sosiale sisteem hom moet verantwoord indien hy geïntegreerd na binne en na buite wil handhaaf. Hierdie vier funksionele probleme is patroonhandhawing, doelbereiking, aanpassing en integrasie.

*Patroonhandhawing* hou verband met die verlede en is 'n funksie wat in maatskaplike sisteme ter wille van die interne samehang en orde vervul moet word. Die patroon wat deur en binne die sisteem gehandhaaf moet word, is die geïnstitusionaliseerde normatiewe en omdat sentimente, behoeftes, doelstellings en ideale nie altyd dieselfde is nie en konflik dus maklik hieruit voortvloei, is die kwessie van spanningsbeheer by hierdie funksie inbegrepe. Deur patroonhandhawing en spanningsbeheer word ewewig binne die gemeenskap gesoek, waardes en kulturele patrone word beskerm.

Die probleem van *doelbereiking* wys na die toekoms en vloei voort uit die behoefte aan koördinasie van handelinge, hetsy van persone of sosiale instellings. Dit veronderstel verdeling van arbeid en 'n koördinasie van funksies en handelinge ten einde die sosiale sisteem, die gemeenskap in ons geval, voortdurend op pad na sy doel te hou.

*Aanpassing* of adaptasie verwys na die funksionele probleem van die sisteem om sy menslike en nie-menslike bronne op so 'n wyse te verwerk en te gebruik dat dit sal bydra en uitloop op doelverwesenliking. Dit veronderstel rasionele berekening en beheer. Tussen alternatiewe middele moet die mees geskikte gesoek word, die voor- of nadele van die onderskeie moontlikheidswyses waarop hierdie bronne aangewend kan word en die selektering van die mees doeltreffende kombinasies is inbegrepe in die aanpassingsfunksie.

Deur middel van die funksie van *integrasie* word harmonie binne die gemeenskap gesoek. Gebrek aan integrasie stel die basis van samewerking in gevaar binne die sisteem.

In die hantering van hierdie vier funksionele probleme ontwikkel elke gemeenskap 'n funksionele subsisteem en elke individu, sosiale instelling of organisasie wat op een of ander wyse 'n bydrae in hierdie verband lewer, is deel van die funksionele subsisteem. So is die sentrale regering direk betrek in die funksionele probleem van doelverwesenliking. Die staat is in hierdie verband 'n mags- en kontrolesentra en as sodanig gee dit die riglyne insake doelstellings wat nagestreef moet word. Daar is egter ook ander, persone en instansies, wat in 'n mindere of meerdere mate magsposisies beklee en 'n bydrae tot hierdie funksionele probleem lewer – vgl. opvoedkundiges, sakebestuurders, propagandiste, politieke partye, arbeidsorganisasies, die kerk en diesmeer. Tesame maak hulle deel uit van die doelverwesenlikingsisteem en mobiliseer alle faktore en aspekte wat die gemeenskap nodig het om sy kollektiewe doelstellings te verwesenlik.

Nes die regering die sentrale rol in doelbereiking speel, so vervul die ekonomie die belangrikste plek in die adaptiewe sisteem. Die basiese probleem in verband met aanpassing is om die menslike en nie-menslike bronnemateriaal so aan te pas dat dit tot optimum behoeftebevrediging lei en dit weer is die kern van ons ekonomiese aktiwiteite. Maar ook hier het die staat sy rol (byvoorbeeld die omskepping van bronne in sodanige vorme dat dit sy taak ten opsigte van landsveiligheid kan verrig). So verrig ook die skool 'n aanpassingsfunksie via die ontwikkeling van menslike bronne.

Die gesin vervul die primêre rol in patroonhandhawing en spanningsbeheer. In sy taak van sosialisering toon die gesin die algemeen aanvaarde gedragspatroon/e, basiese doelstellings en kultuurgoedere aan die kind. Ook ander groepe speel hier 'n rol, byvoorbeeld skole, godsdienstige en ontspanningsgroepe, gesondheidsorganisasies endiesmeer.

Die integratiewe subsisteem kan nie so direk geïdentifiseer word met bepaalde sosiale instellings as die ander drie nie. Juis hieruit vloei voort dat die taak verspreid lê en dat elke persoon en instansie hier 'n bydrae te lewer het – ook die bedryfsonderneming. Die wet, polisie, sosiale werkers, die pers, die kerk en ander funksioneer ondermeer hier om die handelinge van individue en groepe in lyn te bring met die integratiewe behoeftes van die gemeenskap.

Teoretiese besinning insake die vier basiese funksionele probleme asmede die onderskeie subsisteme binne die gemeenskap dra by tot die daarstelling van 'n basis vir die klassifikasie en ontleding van die funksies van die bedryfsonderneming, en toon vir ons vanuit 'n sodanige teoretiese perspektief in welke mate die bedryfsonderneming van ons dag sosiaal betrokke en vervlegd geraak het binne die kader van 'n pluralistiese industriële gemeenskap.

Geen sosiale entiteit is sodanig gespesialiseerd in funksie dat dit 'n bydrae lewer slegs ten opsigte van een van die funksionele probleme van die gemeenskap nie. Die bedryfsonderneming is so 'n kernorganisasie dat dit 'n rol vervul

in al vier subsisteme. Dit vervul sy primêre funksie, die ekonomiese, in die adaptiewe subsisteem. Sy funksies in die ander drie subsisteme is sekondêr daarin dat die bedryfsonderneming sonder om hierdie funksies te verrig nog sal kan voortbestaan – trouens, binne die adaptiewe subsisteem self vervul dit sodanige sekondêre funksies, byvoorbeeld hulp aan skole en universiteite.

Uit hoofde van die magsposisie van die groot bedryfsonderneming verrig dit 'n funksie in die subsisteem van doelverwesenliking. Die bedryfsbestuurder van ons dag is veel meer as bloot 'n entrepreneur. Sy verantwoordelikhede kring uit tot die aandeelhouers, werknemers, verskaffers, verbruikerspubliek, die regering, die gemeenskap, en hy maak gebruik van die mag waaroor hy in die naam van sy maatskappy beskik om die belange van al hierdie groepe met mekaar te balanseer. Die bedryfsonderneming is nie maar slegs 'n instrument in die hand van die staat waardeur doelstellings bereik kan word nie, dit funksioneer in eie reg as 'n koördinator om breë sosiale doelstellings te verwesenlik.

Dat dit 'n belangrike integratiewe funksie het, blyk duidelik uit die mate waarin die bedryfsonderneming dikwels midde-in die konfliksituasie staan waar die belange van konflikterende ekonomiese groepe in lyn met mekaar gebring word. 'n Tweede aspek van die integratiewe funksie van die groot bedryfsonderneming is sy bemarkingsaktiwiteite. Advertensies, produkteinnovasie en verkope motiveer die breë massa verbruikers tot die strewe na 'n hoë lewenstandaard wat weer op sy beurt bydra tot integrering van aanbod en vraag, want as vraag nie tred hou met aanbod nie, neem belegging af en plaas 'n demper op die ekonomie. Voorts kan die beleid van die groot bedryfsonderneming met betrekking tot diensvoorwaardes asmede indiensnemingsvereistes soos toegepas binne 'n gedifferensieerde gemeenskap by die onderskeie rassegroepe 'n onteenseglik belangrike rol speel binne die integratiewe subsisteem.

Wat die funksionele probleem van patroonhandhawing en spanningsbeheer betref, hoef maar net verwys te word na die teorie en toepassing van die menseverhoudingsbenadering waarna reeds verwys is om die bydrae van die onderneming tot hierdie probleemarea te identifiseer.

## SLOTSOM

Vanweë die feit dat die bedryfsonderneming van ons dag 'n bydrae te lewer het in al vier funksionele probleemareas, kan dit nie anders nie as dat daar besonder hoë eise aan die bedryfsbestuur gestel word. Die kantoor van die bedryfsbestuurder is nie meer 'n plek van outokratiese besluitvorming nie, maar van rekonsiliasie. Sy belangegroepe is verspreid deur die hele gemeenskap en hy moet van sy onderneming maak: 'n goeie plek vir belegging, 'n

goeie kliënt vir die verskaffers, 'n beter plek vir die werkers sowel as vir die verbruikers. Sy bestuursmetodes moet aan bepaalde etiese standaarde voldoen, hy moet 'n ondersteuner wees van die breëre sosiale doelstellings en openbare belange.

Aan die ander kant is dit egter so dat die bedryfsbestuur, ook dié van die kleiner onderneming, kennis moet neem van die feit dat die bedryfsonderneming uit die gemeenskap ontstaan vir die gemeenskap. In dié tipe gemeenskap wat dit help vorm het – 'n pluralistiese industriële gemeenskap – het dit sodanig sosiaal betrokke geraak dat beide sy funksies en verantwoordelikhede veel wyer uitkring as bloot op ekonomiese vlak. Wins is nodig ten einde te kan voortgaan om diens te lewer, dog winsmaksimalisasie het in ons dag 'n mikro-ekonomiese begrip geword want die ekonomiese verwysingsraamwerk verskuif al hoe meer vanaf die mark na die ekonomiese sisteem in sy geheel. Kompetisie met sy onderliggende strewe na maksimum wins is besig om plek te maak vir koöperasie waar dit gaan om 'n redelike en billike vergoeding aan elkeen wat 'n bydrae lewer.

Daar is gepoog om aan te toon hoedat veranderinge in die teoretiese besinning aangaande bestuursmetodes, nuwe stromings in die ekonomiese denke asmede wysiginge binne die sosiale struktuur van die bedryfsonderneming en die sosiale sisteem waarbinne dit funksioneer, die bedryfsonderneming vanaf die periferie laat beweeg het tot binne die kern van ons sosiale bestaan. Laat my toe om in die lig van die feit dat die Departement Bedryfsosiologie aan die PU vir CHO die eerste en enigste van sy soort in die land is, enkele gedagtes uit te spreek wat die essensie van hierdie vakwetenskap in verband stel met die behandelde tema:

Die bedryfsonderneming as ondermeer 'n medium van ons ekonomiese handelinge het 'n versneller geword van sosiale verandering en 'n impetus vir verhoogde differensiasie binne die sosiale struktuur. Sosiale verandering en sosiale differensiasie kan nie anders as om te resulteer in probleme van sosiale integrasie binne 'n pluralisties geïndustrialiseerde gemeenskap nie. Die reaksie op hierdie probleme neig binne die organisasionele struktuur na verhoogde rasionalisasie. Rasionalisasie lei op sy beurt weer na verdere sosiale verandering en verdere strukturele differensiasie. Die sikliese aard van hierdie proses neig daartoe om gemeenskappe te dwing tot 'n bepaalde leefwyse – mag ons dit noem 'n industriële leefwyse. Dit neig om 'n nuwe basis daar te stel van waaruit gemeenskaps- en menseverhoudinge gestalte vind. Nou is dit so dat die studieterrein van die algemene Sosiologie heenwys na die algemene teoretiese opvattinge van samelewingsvorme, samelewingsverhoudinge, sosiale aksiepatrone en sosiale gebeurtenisse. Die prosesse van sosiale verandering, verhoogde differensiasie, probleme van sosiale integrasie en verhoogde rasionalisasie voeg binne die meer veralgemeende en teoretiese raamwerk van die studieveld van die algemene Sosiologie dus 'n núwe

dimensie by.

Die sentrale plek van die ekonomiese aktiwiteite, en by name soos dit binne die bedryfsonderneming beoefen word, met al die konsekwensies daarvan op mense- en gemeenskapsverhoudinge, het dit sedert W.O. II vir die meeste universiteite in Westerse lande nodig gemaak om departemente en institute vir Bedryfsosiologiese navorsing in te stel. Die noodsaaklikheid vir spesialisasie in die bestudering van aspekte soos die sosiale konsekwensies van die industrialisasieproses, industriële burokrasie, organisasie-analise, werkgroepe en werkrolle, die werksituasie as 'n komplekse organiese en sosio-tegniese sisteem, die industriële verhoudingskompleks asmede die Beroepsosiologie en Ekonomiese Sosiologie, het selfstandigwording van die Bedryfsosiologie in geïndustrialiseerde lande nodig en wenslik gemaak.